Kuns HG **November 2007**

Die meeste onderwysers kan geluk gewens word met die goeie werk van die afgelope jaar. Meer kandidate het beter kontekstuele interpretasies gegee en daar was meer kandidate wat betekenisvol met die vrae en visuele bronne omgegaan het .

Die volgende moet aandag kry om die vraestel suksesvol te beantwoord:

- Kunsgeskiedenis handel oor **kunswerke**. Sonder kunswerke sou daar nie so 'n vak bestaan het nie! Dit is ontstellend dat na al die moeite met 'n kleurvraestel te veel kandidate die visuele bronne steeds ignoreer en/of nie kan skryf oor bestudeerde en ongesiene werke nie. Daar is steeds kandidate wat 'n Kunsgeskiedenis-vraestel beantwoord sonder om selfs een kunswerk te noem, behalwe die wat in die vraestel verskyn!
- Onderwysers moet hul kandidate die **vaardigheid van visuele analise** leer:
  - 'n kort beskrywing
  - analise (gebruik van media, kunselemente soos kleur, lyn, vorm, ens.)
  - interpretasie (in verband met die konteks van die werk)
- Die onderig van visuele geletterheid is van uiterste baling vir volgende jaar se Visuele Kuns-vraestel waar 'n groot deel van die vraestel uit visuele bronne sal bestaan. Dit was ontstellend dat sommige kandidate geen insig in kunswerke toon en nie die korrekte kunsterminologie gebruik nie. Dit moet aandag kry in die onderrig van die vak.
- Dit is belangrik om basiese kunsterminologie te onderrig, bv. het party kandidate na landskappe as stillewes verwys. Hulle behoort dinge soos die onderwerp van 'n kunswerk te kan identifiseer.
- Kandidate moet die betekenis van konsepte/style soos naturalisme, abstraksie, ekspressionisme, ens., verstaan — te veel werke word inkorrek as abstrak beskryf.
- Kandidate moet 'n verskeidenheid van kunswerke gebruik om bewegings/ die werke van individuele kunstenaars te verduidelik en te staaf. Dit beteken nie 'n lys van kunswerke nie, maar die bewegings moet deur die kunswerke bewegings/kunstenaars verduidelik word. 'n Paar kandidate met uitsonderlike visuele geletterdheidsvaardighede het uitstekende antwoorde oor bv. Vraag 1 geskryf deur slegs na die gegewe visuele bronne te verwys. Vir die meerderheid van kandidate het 'n verskeidenheid van kunswerke egter punte beteken.
- Leer kandidate om spesifiek te wees en veralgemenings te vermy. Hulle moet hul afvra 'hoekom', 'hoe', ens., nadat hulle stellings gemaak het. Daar was te veel vae, veralgemene stellings en besprekings.
- Vrae is daar om beantwoord te word! Dikwels is die vraag geïgnoreer in 'n algemene bespreking. Kandidate moet geleer word om 'n spesifieke vraag te beantwoord en nie net 'n opsomming van 'n beweging/kunstenaar genoem in 'n onderafdeling te gee nie. Natuurlik moet hul hul kennis oor die beweging/kunstenaar gebruik, maar moet dit aanpas by die spesifieke vraag en gebruik maak van visuele bronne waar gevra.
- Daar was nog te veel gevalle waar kandidate merkbaar beter in Afdeling A as in Afdeling B gevaar het. Dikwels was die antwoorde in Afdeling B te kort en het die leerders nie genoegsame kunswerke deur kunstenaars/bewegings bestudeer nie.
- In Afdeling B was daar dikwels te veel onnodige biografiese inligting. Punte word net gegee waar die inligting gebruik is in verband met die kunstenaar se werk.
- Baie meer kandidate het verkies om Vraag 15 oor Visuele Geletterdheid te beantwoord. Feitelike, akademiese inligting is nie in die vraag verwag nie, maar dat hulle uit hul algemene kunskennis sal put. Daar was baie goeie antwoorde en dit het voorgekom asof die kwessies rakende kinders hul aangeraak het. Tog het sommige kandidate dit as 'n maklike uitweg beskou en kon nie die korrekte kunsterminologie toepas op die werke nie en het herhalende en veralgemeende antwoorde gegee.
- Dit is onmoontlik om goeie punte te behaal met 'n kort opstel van een of twee bladsye. Vier bladsye word aanbeveel om 'n goeie antwoord te gee. Die baie lang opstelle neig om herhalend te raak en die baie lang antwoorde in een afdeling het dit moeilik gemaak vir die kandidaat om die volle vraestel te beantwoord.
- Dikwels was die inleiding slegs 'n parafrase van die vraag en het die kandidaat kosbare minute verloor. Inleidings en slotte moet betekenisvol binne die konteks van die vraag wees.
- Dit is 'n blote mors van kosbare tyd om die visuele beelde uit die vraestel te knip en in die antwoordstel te plak.
- 'n Goeie antwoord is 'n balans tussen feite, begrip, interpretasie en insig waar kunswerke die hoofrol speel!